




“Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees.”

14 Mei 2023

MOEDERSDAG DIE DRIE WYSE DAMES

Skriflesing: Spr 14:1

1953

DIE wysheid van die vroue bou die huis, maar die sotheid breek dit met eie hande af.

AMP

The wise woman builds her house *[on a foundation of godly precepts, and her household thrives]*, But the foolish one *[who lacks spiritual insight]* tears it down with her own hands *[by ignoring godly principles]*.

'n Wyse vrou mors nie geld of hulpbronne nie, maar belê dit eerder in haar bediening tot eer van God en tot voordeel van haar familie en ander vir wie sy dien.

12 kenmerke van 'n Godvresende vrou: Soek God eerste, onvoorwaardelike liefde, biddende lewe, gehoorsaamheid, familie eerste, nederigheid, hart van dienskneg, eer en respekteer, getrouheid, vrug van die Gees, gasvryheid, rentmeesterskap en wysheid.

- *'n Vrou het die mag om 'n huis te bou en/of af te breek*
- *Wat bou 'n huis? Wysheid*
- *Bou op Goddelike wysheid*

1. **Die drie wyse dames**

Elizabeth - geduld, Maria – gehoorsaamheid geloof & Anna – gebed en getuig

Lukas 1 & 2

1953

LUKAS 1

Voorrede.

1AANGESIEN baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is,

2soos hulle wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het,

3het ek ook dit goedgevind, hooggeagte Theófilus, nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe,

4 sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is.

Geboorte van Johannes aangekondig.

5DAAR was in die dae van Herodes, koning van Judéa, 'n sekere priester met die naam van Sagaría, uit die afdeling van Abía; en sy vrou was uit die dogters van Aäron, en haar naam was Elisabet.

6En hulle was altwee regverdig voor God en het in al die geboorte en regte van die Here onberispelik gewandel.

7En hulle het geen kind gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was en albei op ver gevorderde leeftyd.

8En terwyl hy besig was om die priesteramp voor God te bedien in die beurt van sy afdeling,

9het die lot volgens priesterlike gewoonte op hom geval om in te gaan in die tempel van die Here en reukwerk te brand.

10En die hele menigte van die volk was buite, besig om te bid op die uur van die reukoffer.

11Toe verskyn daar aan hom 'n engel van die Here, wat aan die regterkant van die reukofferaltaar staan.

12En toe Sagaría hom sien, was hy ontsteld, en vrees het hom oorval.

13Maar die engel sê vir hom: Moenie vrees nie, Sagaría, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Johannes noem.

- *Elizabeth het behoefte gehad en sy was Godvresend. God vergeet nie jou gebed nie!*
- *Sy was geduldig, en op rype ouderdom op God se Woord het sy swanger geword.*
- *Moenie opgee op jou gebed nie – dit GAAN gebeur!*

14En hy sal blydschap en verheuging vir jou wees, en baie sal oor sy geboorte bly wees;

15want hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af.

16En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God.

17 En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei.

18Toe sê Sagaría vir die engel: Waaraan sal ek dit weet? Want ek is 'n ou man, en my vrou is op ver gevorderde leeftyd.

19En die engel antwoord en sê vir hom: Ek is Gabriël wat voor God staan, en ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring.

20En kyk, jy sal swyg en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie.

21En die volk het op Sagaría bly wag en was verwonderd dat hy so lank in die tempel vertoef.

22Maar toe hy uitkom, kon hy met hulle nie praat nie; hulle bemerk toe dat hy 'n gesig in die tempel gesien het. En hy het aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly.

23En toe die dae van sy diens vervul was, het hy huis toe gegaan.

24En ná hierdie dae het Elisabet, sy vrou, ontvang en haar vyf maande lank verberg en gesê:

25So het die Here met my gedoen in die dae toe Hy my aangesien het om my smaad onder die mense weg te neem.

Die geboorte van Jesus aangekondig.

26EN in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret,

27na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria.

28En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue.

29En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken.

30En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind.

31En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.

32Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,

33en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

34Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?

35En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.

36En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is.

37Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie.

38En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan.

37For with God nothing [is or ever] shall be impossible.” 38Then Mary said, “Behold, I am the servant of the Lord; may it be done to me according to your word.” And the angel left her.

- *Maria is die 2de wyse dame.*
- *Sy was gehoorsaam en het geglo wat die Engel vir haar gesê het.*

Maria besoek Elisabet.

39EN in daardie dae het Maria opgestaan en haastig na die bergstreek gegaan, na 'n stad van Juda;

40en sy het in die huis van Sagaría gekom en Elisabet gegroet.

41En toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in haar skoot opgespring; en Elisabet is vervul met die Heilige Gees

42en het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot!

43En wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom?

44Want kyk, toe die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie in my skoot van vreugde opgespring.

45En salig is sy wat geglo het, want die dinge wat deur die Here aan haar gesê is, sal vervul word.

Lofsang van Maria.

46EN Maria het gesê: My siel maak die Here groot,

47en my gees is verheug in God, my Saligmaker;

48omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het; want kyk, van nou af sal al die geslagte my salig noem.

49Want Hy wat magtig is, het groot dinge aan my gedoen, en heilig is sy Naam.

50En sy barmhartigheid is van geslag tot geslag vir die wat Hom vrees.

51 Hy het deur sy arm kragtige dae gedoen. Hoogmoediges in die gedagtes van hulle hart het Hy verstrooi.

52 Maghebbers het Hy van trone afgeruk en nederiges verhoog.

53 Hongeriges het Hy met goeie dinge vervul en rykes met leë hande weggestuur.

54Hy het sy kneg Israel bygestaan, sodat Hy aan sy barmhartigheid sou dink —

55 soos Hy tot ons vaders gespreek het — aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid.

56En Maria het by haar omtrent drie maande gebly; en sy het teruggegaan na haar huis toe.

Geboorte van Johannes die Doper.

57EN die tyd dat sy moeder moes word, is vir Elisabet vervul, en sy het 'n seun gebaar.

58En toe haar bure en bloedverwante hoor dat die Here sy barmhartigheid aan haar groot gemaak het, was hulle saam met haar bly.

59En op die agtste dag het hulle gekom om die kindjie te besny, en hulle wou hom Sagaría noem, na die naam van sy vader.

60Toe antwoord sy moeder en sê: Nee, maar hy moet Johannes genoem word.

61En hulle sê vir haar: Daar is niemand in jou familie wat dié naam het nie.

62En hulle beduie vir sy vader hoe hy wou hê dat hy genoem moes word.

63Hy vra toe 'n skryfbordjie en skryf: Johannes is sy naam. En almal was verwonderd.

64 En onmiddellik is sy mond geopen en het sy tong losgeraak, en hy het gepraat en God geloof.

65En daar het vrees gekom oor almal wat rondom hulle gewoon het, en daar is baie gepraat oor al hierdie dinge in die hele bergstreek van Judéa.

66En almal wat dit gehoor het, het dit ter harte geneem en gesê: Wat sal tog van hierdie kindjie word? En die hand van die Here was met hom.

Lofsang van Sagaría.

67EN Sagaría, sy vader, is vervul met die Heilige Gees en het geprofeteer en gesê:
68 Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing
teweeggebring het,
69en 'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg —
70 soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af —
71redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat,
72 om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en aan sy heilige verbond te dink,
73aan die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader, om aan ons te gee
74dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien,
75 in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe.
76En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor die aangesig
van die Here uitgaan om sy weë reg te maak;
77om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes,
78deur die innige barmhartigheid van onse God waarmee die opgaande Lig uit die hoogte ons
besoek het,
79 om te skyn oor die wat in duisternis en doodskaduwee sit, om ons voete na die pad van vrede
te rig.
80En die kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees; en hy was in die woestyne tot op die
dag van sy vertoning aan Israel.

LUKAS 2

Geboorte van Jesus Christus.

1EN in daardie dae het daar 'n bevel uitgegaan van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf
moes word.
2Hierdie eerste inskrywing het plaasgevind toe Cirénus goewerneur van Sírië was.
3En almal het gegaan om ingeskryf te word, elkeen na sy eie stad.
4En Josef het ook opgegaan van Galiléa, uit die stad Násaret, na Judéa, na die stad van Dawid,
wat Betlehem genoem word, omdat hy uit die huis en geslag van Dawid was,
5om hom te laat inskrywe saam met Maria, die vrou aan wie hy hom verloof het, wat swanger
was.
6En terwyl hulle daar was, is die dae vervul dat sy moes baar;
7en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip
neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

Die herders van Betlehem.

8EN daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle
skape wag gehou het.
9En meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het
rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig.
10En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot
blydschap wat vir die hele volk sal wees,
11 dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.
12En dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip
lê.
13En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërske wat God prys
en sê:
14 Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehag!
15En toe die engele van hulle weggegaan het na die hemel, sê die herders vir mekaar: Laat ons
dan na Betlehem gaan en hierdie ding sien wat gebeur het, wat die Here aan ons bekend gemaak
het.
16En hulle het met haas gegaan en Maria en Josef gevind en die kindjie wat in die krip lê.
17En toe hulle dit gesien het, het hulle oral die woord bekend gemaak wat aan hulle van dié
Kindjie vertel is.
18En almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat deur die herders aan hulle vertel is;

19 maar Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink.

20En die herders het teruggegaan en God verheerlik en geprys oor alles wat hulle gehoor en gesien het, net soos aan hulle gesê is.

Besnydenis en voorstelling van Jesus.

21 EN toe agt dae vervul was, dat hulle die Kindjie sou besny, het hulle Hom Jesus genoem, die naam wat deur die engel gegee is voor sy ontvangenis in die moederskoot.

22En nadat die dae van haar reiniging volgens die wet van Moses vervul was, het hulle Hom na Jerusalem gebring om Hom aan die Here voor te stel,

23soos geskrywe is in die wet van die Here: Elke manlike kind wat die moederskoot open, sal heilig vir die Here genoem word;

24en om die offer te gee volgens wat gesê is in die wet van die Here: 'n paar tortelduiwe of twee jong duiwe.

Símeon en Anna.

25EN daar was 'n man in Jerusalem met die naam van Símeon; en hierdie man was regverdig en vroom en het die vertroosting van Israel verwag, en die Heilige Gees was op hom.

26En aan hom was dit deur die Heilige Gees geopenbaar dat hy die dood nie sou sien voordat hy die Christus van die Here gesien het nie.

27En hy het deur die Gees in die tempel gekom; en toe die ouers die Kindjie Jesus inbring om met Hom te handel volgens die gebruik van die wet,

28het hy Hom in sy arms geneem en God geloof en gesê:

29 Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord,

30omdat my oë u heil gesien het,

31 wat U berei het voor die oë van al die volke —

32 'n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk Israel.

33En Josef en sy moeder het hulle verwonder oor die dinge wat van Hom gesê is.

34En Símeon het hulle geseën en aan Maria, sy moeder, gesê: Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word —

35ja, 'n swaard sal deur jou eie siel gaan — sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word.

36En daar was Anna, 'n profetes, die dogter van Fánuel, uit die stam van Aser. Sy was op baie ver gevorderde leeftyd en het van haar maagdom af sewe jaar lank met haar man saamgelewe;

37en sy was 'n weduwee van omtrent vier-en-tagtig jaar. Sy het nie weggebly van die tempel nie, en met vaste en gebede God gedien, nag en dag.

38En sy het in dieselfde uur daar gekom en die Here geprys en van Hom gesprek met almal in Jerusalem wat die verlossing verwag het.

- *Anna was getrou. Sy het gedien, getuig en gebed.*

39En toe hulle alles volbring het wat volgens die wet van die Here was, het hulle teruggegaan na Galiléa, na hulle stad Násaret.

40En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom.

Die Kind Jesus tussen die leraars.

41EN sy ouers was gewoond om elke jaar met die paasfees na Jerusalem te gaan.

42En toe Hy twaalf jaar oud was, het hulle, volgens die gebruik van die fees, na Jerusalem opgegaan.

43En nadat die feesdae vir hulle verby was, en terwyl hulle teruggaan, het die Kind Jesus in Jerusalem agtergebly; en Josef en sy moeder het dit nie geweet nie.

44Maar omdat hulle gedink het dat Hy by die reisgeselskap was, het hulle 'n dagreis ver gegaan en Hom onder die familie en onder die bekendes gesoek.

45En toe hulle Hom nie vind nie, het hulle teruggegaan na Jerusalem en Hom gesoek.

46En ná drie dae het hulle Hom in die tempel gevind, terwyl Hy in die midde van die leraars sit en na hulle luister en hulle uitvra.

47En almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy verstand en sy antwoorde.

48En toe hulle Hom sien, was hulle verslae. En sy moeder sê vir Hom: Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het jou met angs gesoek.

49En Hy sê vir hulle: Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?

50En hulle het die woord wat Hy aan hulle gesê het, nie verstaan nie.

51En Hy het saam met hulle gegaan en in Násaret gekom, en Hy was hulle onderdanig. En sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar.

52En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense.

- *Wat gaan ek aantrek?*
- *Daar is nie lelike vrou nie – net totdat sy haar mond oopmaak. Wat sy praat maak haar mooi of lelik.*

2. Die wyse dame het altyd iets om aan te trek!

Efes 2:10

1953

Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

AMP

For we are His workmanship [*His own master work, a work of art*], created in Christ Jesus [*reborn from above—spiritually transformed, renewed, ready to be used*] for good works, which God prepared [*for us*] beforehand [*taking paths which He set*], so that we would walk in them [*living the good life which He prearranged and made ready for us*].

Dit is 'n baie belangrike perspektief op die geestelike lewe. Ons doen nie maar wat ons wil, of wat een of ander geestelike leier vir ons voorsê nie. Ons hoor by God in Sy Woord en deur Sy Gees watter dinge Hy wil hê ons by betrokke moet raak – en dit is die dinge wat ons dan doen.

Dit is presies wat Jesus bedoel het, toe hy aan sy dissipels gesê het (in die verhaal van die Samaritaanse vrou by die put van Jakob): Joh 4:34 - "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi."

- *Die vrou is geskape volgens die beeld van God. Ons is Sy kunswerk.*

1 Kor 11:11-12

1953

11En tog, in die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie. 12Want soos die vrou uit die man is, so is ook die man deur middel van die vrou; maar alles is uit God.

AMP

11Nevertheless, woman is not independent of man, nor is man independent of woman.

12For as the woman originates from the man, so also man is born through the woman; and all things [*whether male or female*] originate from God [*as their Creator*].

- *Die man is geskape deur God. Die een is nie bo-oor die ander nie.*

1 Pet 3:3-4

1953

3Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie,

4maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.

AMP

3Your adornment must not be merely external—with interweaving and elaborate knotting of the hair, and wearing gold jewellery, or *[being superficially preoccupied with]* dressing in expensive clothes;

4but let it be *[the inner beauty of]* the hidden person of the heart, with the imperishable quality and unfading charm of a gentle and peaceful spirit, *[one that is calm and self-controlled, not overanxious, but serene and spiritually mature]* which is very precious in the sight of God.

- *Dieselfde tyd wat jy spandeer om jou mooi maak en gebruik dieselfde tyd spandeer aan jou gebedslewe sal jy mooi wees!*
- *God kyk na die hart. Jy is mooi van binne af.*
- *Jesus se glans sal uit jou skyn!*

Spreuke 31

Die moeder van koning Lémuël onderrig haar seun.

1DIE woorde van Lémuël, die koning van Massa, waarmee sy moeder hom vermaan het:

2Wat, my seun, ja wat, seun van my skoot, ja wat, seun van my geloftes, sal ek sê?

3 Gee jou krag nie aan vroue of jou omgang aan die wat konings uitroei nie.

4 Die konings, o Lémuël, die konings moet nie wyn drink nie, en die vorste moet nie sterk drank begeer nie;

5anders drink hy en vergeet die insettinge en verdraai die reg van al die ellendiges.

6 Gee sterk drank aan hom wat wil ondergaan, en wyn aan die wat bitter bedroef is.

7Laat hy drink en sy armoede vergeet en aan sy moeite nie meer dink nie.

8Maak jou mond oop vir die stomme, vir die regsak van almal wat wegwyn.

9Maak jou mond oop, oordeel regverdig, en verskaf reg aan die ellendige en die behoeftige.

10 Alef. Wie sal 'n deugsame vrou vind? want haar waarde is ver bo korale.

11 Bet. Die hart van haar man vertrou op haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie.

12 Gimel. Sy doen aan hom goed, en nie kwaad nie, al die dae van haar lewe.

13 Dalet. Sy sorg vir wol en vlas, en sy werk met gewillige hande.

14 He. Sy is soos die skepe van 'n handelaar — van ver af bring sy haar brood in.

15 Wau. En sy staan op as dit nog nag is en gee voedsel aan haar huisgesin en die bestemde deel aan haar diensmeisies.

16 Sajin. Sy dink na oor 'n stuk grond en koop dit, van die vrug van haar hande plant sy 'n wingerd.

17 Get. Sy omgord haar lendene met krag en hou haar arms stewig.

18 Tet. Sy voel dat haar wins goed is, in die nag gaan haar lamp nie dood nie.

19 Jod. Sy steek haar hande uit na die spinstok, en haar handpalms hou die spoel vas.

20 Kaf. Sy brei haar handpalm uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftige.

21 Lamed. Sy is nie bevrees vir haar huisgesin vanweë die sneeu nie, want haar hele huisgesin dra skarlaken stof.

22 Mem. Sy maak vir haarself dekens, haar tabberd is van fyn linne en purper.

23 Noen. Haar man is bekend in die poorte as hy saam met die oudstes van die land sit.

24 Samek. Sy maak hemde en verkoop dit, en gordels lewer sy aan die handelaars.

25 Ajin. Sterkte en eer is haar kleed, en sy lag oor die dag wat kom.

26 Pe. Haar mond maak sy oop met wysheid, en vriendelike onderrigting is op haar tong.

27 Sade. Opmerkzaam gaan sy die werksaamhede van haar huis na, en die brood van luiheid eet sy nie.

28 Kof. Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar:

29 Resj. Baie dogters het hulle knap gedra, maar jy oortref hulle almal.

30 Sjin. Die bevalligheid is bedrog, en die skoonheid is nietigheid; 'n vrou wat die Here vrees, sy moet geprys word.

31 Tau. Gee haar van die vrug van haar hande, en laat haar werke haar prys in die poorte.

The Words of Lemuel

1The words of King Lemuel, the oracle, which his mother taught him:

2What, O my son? And what, O son of my womb? And what [shall I advise you], O son of my vows?

3Do not give your [generative] strength to women [neither foreign wives in marriages of alliances, nor concubines], Nor your ways to that which destroys kings.

4It is not for kings, O Lemuel, It is not for kings to drink wine, Or for rulers to desire strong drink,

5Otherwise they drink and forget the law and its decrees, And pervert the rights and justice of all the afflicted.

6Give strong drink [as medicine] to him who is ready to pass away, And wine to him whose life is bitter.

7Let him drink and forget his poverty And no longer remember his trouble.

8Open your mouth for the mute, For the rights of all who are unfortunate and defenseless;

9Open your mouth, judge righteously, And administer justice for the afflicted and needy. Description of a Worthy Woman

10 An excellent woman [one who is spiritual, capable, intelligent, and virtuous], who is he who can find her? Her value is more precious than jewels and her worth is far above rubies or pearls.

11The heart of her husband trusts in her [with secure confidence], And he will have no lack of gain.

12She comforts, encourages, and does him only good and not evil All the days of her life.

13She looks for wool and flax And works with willing hands in delight.

14She is like the merchant ships [abounding with treasure]; She brings her [household's] food from far away.

15She rises also while it is still night And gives food to her household And assigns tasks to her maids.

16She considers a field before she buys or accepts it [expanding her business prudently]; With her profits she plants fruitful vines in her vineyard.

17She equips herself with strength [spiritual, mental, and physical fitness for her God-given task] And makes her arms strong.

18She sees that her gain is good; Her lamp does not go out, but it burns continually through the night [she is prepared for whatever lies ahead].

19She stretches out her hands to the distaff, And her hands hold the spindle [as she spins wool into thread for clothing].

20She opens and extends her hand to the poor, And she reaches out her filled hands to the needy.

21She does not fear the snow for her household, For all in her household are clothed in [expensive] scarlet [wool].

22She makes for herself coverlets, cushions, and rugs of tapestry. Her clothing is linen, pure and fine, and purple [wool].

23Her husband is known in the [city's] gates, When he sits among the elders of the land.

24She makes [fine] linen garments and sells them; And supplies sashes to the merchants.

25Strength and dignity are her clothing and her position is strong and secure; And she smiles at the future [knowing that she and her family are prepared].

26She opens her mouth in [skillful and godly] wisdom, And the teaching of kindness is on her tongue [giving counsel and instruction].

27She looks well to how things go in her household, And does not eat the bread of idleness.

28Her children rise up and call her blessed (happy, prosperous, to be admired); Her husband also, and he praises her, saying,

29“Many daughters have done nobly, and well [with the strength of character that is steadfast in goodness], But you excel them all.”

30Charm and grace are deceptive, and [superficial] beauty is vain,

But a woman who fears the Lord [reverently worshiping, obeying, serving, and trusting Him with awe-filled respect], she shall be praised.

31Give her of the product of her hands, And let her own works praise her in the gates [of the city].

1953

En salig is sy wat geglo het, want die dinge wat deur die Here aan haar gesê is, sal vervul word.

AMP

And blessed [*spiritually fortunate and favoured by God*] is she who believed and confidently trusted that there would be a fulfilment of the things that were spoken to her [*by the angel sent*] from the Lord."

Hooglied 4:7

Alles is mooi aan u, my vriendin,
en daar is geen gebrek aan u nie.